

Oorgang Eli na Samuel (I Sam 1-3)	Samuel, die laaste rigter (I Sam 4:1-7:17)	Oorgang Samuel na Saul (I Sam 8:1-12:25)	Saul, die eerste koning (I Sam 13:1-15:9)	Oorgang Saul na Dawid (I Sam 15:10-31:13)
1050-110 vC in Kanaän				
Uitfasering van rigters		Infasering van konings		

Ons lees uit I, II Samuel
en I Kronieke

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	I Sam 3	I Sam 1-3
Di	I Sam 8	I Sam 8-11
Wo	I Sam 15	I Sam 12,13 en 15
Do	I Sam 17	I Sam 16-17
Vry	II Sam 7	I Kron 15-17, II Sam 7:12-15
Sat	II Sam 11, Ps 51	II Sam 11-12, Ps 32, 51
Son	I Kron 28:8-10; 29:10-19	I Kron 28-29

Die geestelike peil van die godsdien van Israel bereik 'n laagtepunt tydens Eli se rigterskap en selfs die ark, simbool van God se teenwoordigheid, word weggevoer.

Die Here roep vir Samuel as jong seun en hy bring groot hervorming. Die oorgang van rigters na konings vind in sy tyd plaas – die volk dring daarop aan om ook 'n koning soos die ander volke te hê.

Deur God se aanwysing word Saul as eerste koning gesalf. Saul het die volk gelei tot talryke oorwinnings.

Hy het Gibeon op 'n berg gevestig sowat vyf kilometer noord van Jerusalem. Hy het die Filistyne by Migmas verslaan en verskeie ander nasies waaronder die Amalakiëte. Sy sukses het gebring dat hy baie guns en aansien by die volk geniet het. Hy is ook geestelik ondersteun deur Samuel.

Sy persoonlike swakhede begin egter uitkom as hy ongeduldig raak en nie vir Samuel wag nie, maar self offer. Hierdie gebeurtenis het veroorsaak dat hy sy koningskap sou verloor.

Dawid is reeds as jong seun as opvolger aangewys, maar maar dit sou eers baie jare later plaasvind. Soos Dawid se gewildheid toegeneem het, het Saul se jaloesie toegeneem. Hy misluk in verskeie pogings om Dawid dood te maak. Voor die geveg, waarin Saul eindelijk sou sterf, het hy hom gewend hom tot raad by 'n geeste oproepster. Biede sy gehoorsaamheid en gebrek aan vertroue het tot sy val gelei.

Memoriseervers: *gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme. (I Sam 15:22).*

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Die oorgangs tydperk

Eli, die priester, het swak regeer.
Samuel weer tot God se eer.
Die volk het 'n koning verlang.
Rigters na konings, die oorgang.
Saul gesalf, maar later gefaal.
Dawid, 'n suksesvolle verhaal.

As ons hieruit die les wil leer:
Laat God jou lewe regeer.
Ja, Hy is en bly in beheer.
maar kom ons kyk dieper deur:

Eli, die priester, het swak regeer.
Die woord van God was skaars.
Eli se seuns: Bedrog, barbaars.
In die oorlog op die ark vertrou
Die verlies sou hul swaar berou.

Samuel weer tot God se eer.
Hanna se kinderlose hartsgebed
bring Samuel wat die volk kom red.
"Spreek, Here u dienskneg luister"
Hy herstel die volk se duister.

Die volk het 'n koning verlang.
Van rigter na koning – oorgang
'n Eie koning is die volk se bede.
Hul motief is die verkeerde rede:
Hul verwerp die God wat regeer
"Soos ander volke" is wat hul begeer.

Saul gesalf, maar later gefaal.
Die donkie soektog – God in beheer.
Saul gesalf om as koning te regeer.
Aanvanklik het hy oorwinnings behaal.
Later, deur ongehoorsaamheid, gefaal.

Dawid, 'n suksesvolle verhaal.
Dawid sou later die nuwe koning wees.
Vir Goliat, die reus, het hy geen vrees.
Saul wil hom doodmaak, hy kruip weg.
Saul se uiteinde: Selfmoord in 'n geveg...

Dawid se voorgeslagte (I Kron 1-9)	Dawid se sukses (II Sam 1-10, I Kron 10-20)	Dawid se sonde (II Sam 11)	Dawid se probleme en planne (II Sam 12-24, I Kron 21-29)
Meer as 1000 jaar	1011 vC in Hebron	1003-971 vC in Jerusalem	
Geskiedenis	Gehoorsaamheid	Ongehoorsaamheid	Oordeel en berou

II Samuel en I Kronieke vertel beide Dawid se geskiedenis. I en II Samuel vertel die geskiedenis en is opgeskryf nie te lank na dit gebeur het nie. I en II Kronieke is eers baie jare later geskryf, waarskynlik in Ester en Nehemia se tyd na die terugkeer uit ballingskap as hulle wer tempel moet bou. Hierdie boeke probeer wys dat God getrou was regdeur die geskiedenis – daarom gryp die eerste nege hoofstukke duisende jare terug en lê dit soveel klem op die bou van die tempel en God se beloftes.

<p>Na Dawid aan bewind kom, gaan hy terug na die Woord – hy bring die ark terug en sorg dat dit volgens God se instruksies geskied. Jerusalem het toe die godsdienstige sentrum geword. ‘n Tabernakel is weer opgerig en Priesters en Leviëte is aangestel. II Sam 7 en I Kronieke 17 vertel van God se belofte dat Dawid se koninkryk vir ewig sou bly bestaan – ‘n vooruitwysing dat Jesus uit sy nageslag gebore sou word.</p>	<p>Die Bybel verswyg nie die tekortkomings van die leiers van Israel nie. Konings is teen veelwywery gewaarsku (Deut 17:17). Dawid het veelwywery beoefen (2 Sam 3:2-5 en 11:27). Uit menslike oogpunt beskou is Dawid se sonde en owerspel met Batseba en die moord op Uria ‘n volmaakte misdaad, maar God is alomteenwoordig. Toe Natan, die profeet, Dawid konfronteer toon hy berou. In psalms 32 en 51 lees ons van sy geestelike krisis en berou.</p>	<p>Alhoewel Dawid vergifnis ontvang, bly sy sonde nie ongestraf nie. Hy ervaar later onsedelikheid, moord en opstand deur sy kinders. Al lyk Dawid se sonde “groter” as die van Saul, is die verskil sy berou en belydenis.</p> <p>Die sensus van Dawid kom van hoogmoed en steun op sy eie militêre mag. Die straf vir die sonde is deur die profeet Gad aangekondig. Sewentigduisend man sterf en uiteindelik wyk die pes as Dawid ‘n offerande op die dorsvloer van Ornan die Jebusiet bring. Die plek is aangewys as die plek vir die bou van die tempel.</p>
---	---	---

Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. (II Sam 7:12-13)

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Dawid, die tweede koning.

Die boek II Samuel wil ons vertel
Dawid gehoorsaam aan God's bevel.
Politieke sukses het hy gekry.
Jerusalem as hoofstad verkry.

Die voorspoed het begin draai
toe Dawid Batseba sien baai.
As man het hy sy beheer verloor
en ook Uria, haar man, vermoor.

Die profeet Natan sê: "Dit is jy!"
En Dawid het sy sonde bely.
God het hom wel vergeef,
maar hy het probleme beleef.

Die sonde-baba het gesterf
en ook verkragting op sy werf.
Absalom het Ammon vermoor.
Dawid het sy sukses verloor.

Die probleme was net meer,
want Absalom het gerebelleer.
"Absalom, my seun, my seun",
het Dawid na die geveg geweën.

II Kronieke vertel nie die sleg -
in dié boek doen Dawid alles reg.
Vir die tempelbou die weg gebaan.
Sy nageslag bly vir ewig staan.

Jesus het Dawid se troon gevul,
so is die belofte aan hom vervul.
Soos Dawid sal Hy ons vergewe
en kry ons ook die ewige lewe!